

Om die krag van die Here kan sien moet ons soms 'n swaar pad loop

Teks: Rigters 7: 1 - 25
Teksvers: Rigters 7: 2

1. Inleiding

Geliefdes 2026 het met 'n vinnige pas begin. Baie van ons het nog nie eers kans gekry om eerlik te reflekteer oor die jaar nie. Ons is al sommer van vroeg af gedwing om beplanning te doen. Ons moet planne in werking stel om die uitdagings wat die daar om ons is op te los.

In hierdie proses moet ons die werklikhede van toestande om ons in ag neem. En dit is wanneer ons hierdie toestande in ag neem wat ons dikwels moedeloos word. Want die lewe om ons is nie altyd 'n mooi prentjie nie. Dit is nie altyd 'n gelyk en maklike pad wat voor ons uitgestrek lê nie. Dit is soms 'n swaar en moeilike pad. Ekonomiese voorspellings lyk nie goed nie. Selfs met verskeie belasting toegewings wat hierdie week aangekondig is, is die ekonomiese uitdagings steeds enorm.

Waar laat dit ons as gelowiges. Is ons platgeslaan as ons die menigte uitdagings van die nuwejaar aanskou? Uitdagings so baie soos sprinkane soos ons lees in Rigters 7:12. Sprinkane wat dreig om alles wat ons het te vernietig sodra dit uitkom. Tog weet ons as gelowiges ons staan nie

alleen teen die oormag nie. Ons gaan vanoggend Rigters 7 bestudeer en sien hoe die Here vir Gideon gebruik teen die oormag Midianiete. Want hierin lê natuurlik ook vir ons 'n belangrike boodskap vir die res van die jaar.

2. Die illusie van selfredding

In 'n onlangse film, sê 'n akteur dat hy die wetenskap tot sy uiterste sal druk om te oorleef in 'n moeilike situasie. Onderliggend aan hierdie uitlating lê iets van 'n hedendaagse oortuiging. Iets van die mens wat al die antwoorde het, oortuiging. Daar is iets van 'n as ons net al ons kennis en vaardighede toespits op 'n spesifieke probleem dan kan die mensdom dit die hoof bied. Natuurlik sonder om eers die oorsprong van mense kennis en vaardigheid in ag te neem. Ons ken hierdie pad van selfverheffing en verheerliking goed.

En hierdie selfverheffing vind ook dikwels steeds plaas wanneer mense swak is en juis niks het om op te roem nie. Dit was natuurlik nie anders met die volk en die Midianiete nie. Ons tref in ons teksvers die woorde spog, en self beroem in die ou vertaling aan. En as ons werklik eerlik wil wees met onself, is dit eintlik lagwekkend. Want die Midianiete is so baie soos die

sprinkane en hulle kamele soos die sand van die see. Met ander woorde hulle kon nie getel word nie volgens vers 12. Die manne by Gideon is 30 000 volgens vers 1 en dan sien ons in vers 3 dat 20 000 van hulle eintlik nie regtig daar wil wees nie.

Daarby sien ons in vers 1 van Rigters 6 dat die Midianiete die afgelope 7 jaar 'n skrik bewind onder die israëliete gevoer het. Die volk het in hierdie sewe jaar nie eers een keer kans gesien om hulle enigsins tee te gaan nie. Daarby het hulle nou vir Gideon as aanvoerder, wat volgens Rigters 6: 15 die geringste persoon uit die swakste familie in Israel is.

Maar ten spyte van dit alles sê die Here vir Gideon dat daar te veel mense is by hom. Dat die mense die trotste oorwinning sal toeskryf aan hulle eie vaardigheid en vermoëns. Die Here doen dit omdat Hy ons mense ken. Die Here weet dat ons as mens nie veel nodig het om in onself te roem nie. Die Here weet dat ons sommer maklik ons eie redding sal wil bewerk om in onself hieroor te roem roem.

3. Die nederigheid in die teenwoordigheid van die Here

Maar in genade los die Here ons nie maar soos 'n Vader wat toekyk hoe sy kind besig is om oor 'n afgrond te stap

nie. Die Here maak ons bewus van Sy almagtige teenwoordigheid. Dit doen Hy ook dikwels wanneer dit swaar en moeilik gaan. Soos ons hier in ons teksvers sien. Ons sien dat Gideon ondanks die geskiedenis met die vlieswol in Rigters 6 nog nie die Here ten volle vertrou nie. En natuurlik is dit juis daarom nodig dat Hy ook hierdie oorwinning oor die Midianiete ervaar.

Om geen vertwyfeling by Gideon en die Volk te laat nie, skep die Here 'n situasie waar Sy almag nie ontken kan word nie. Sien ook in ons daaglikse lewe is ons vinnig om 'n skeiding te maak tussen heilige dinge en alledaagse dinge. Natuurlik moet ons die heiligheid van die Here erken en eerbiedig. Maar daar is partykeer die idee, dat wanneer ons by die kerkdeur uitstap, dan hou die Here op met werk. Dan moet ek ander antwoorde op my probleme kry. Daarom wanneer daar wel uitkoms in moeilike situasies kom, dan gee ons eerder die eer aan ander dinge.

Maar die teenwoordigheid van die Here ontbloom ook hierdie sonde. Gideon dink daar is nie nou 'n kans om hierdie magdom te oorwin met die 300 man by hom nie. Want hy verstaan nog steeds nie dat die oorwinning eintlik die Here se oorwinning is nie. Die Here praat met hom en lei hom deur die Heilige Gees na die kamp van die Midianiete, sodat hy uit die mond van die vyand die

waarheid kan hoor: "Dit is beslis die swaard van die Israeliet Gideon seun van Joas. God gee Midian en sy hele leer in Gideon se mag oor." in vers 14.

Onmiddelik besef Gideon dat hy in die teenwoordigheid van die Here is. Hy word gevul met vrede en rustigheid. Hulle gaan gered word uit hierdie situasie. En dit is hierdie rustigheid en vrede wat die krag word om onmiddelik tot aksie bring. Hy wil graag nou hierdie oorwinning van die Here ervaar en beleef. Hy besef nou wat Paulus besef in 2 korinthiërs 12 vers 6: "My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is."

4. Ons redding die doel

Tog is dit maklik om ook na hierdie geskiedenis te kyk en uitgelewer te voel aan die Here se wil. Ons as gelowiges voel so maklik dat die Here ons laat ly. Dat God in Sy almag ons nie wil red nie. Maar wanneer ons so dink dan aanskou ons nie hierdie gedeelte eerlik en opreg nie. Die uiteinde van hierdie gedeelte is dat die Here die volk red van die Midianiete. Die Here doen dit omdat Hy die volk liefhet.

God het ons ook so lief. Ons het deur ongehoorsaamheid en sonde die verhouding met die Here gebreek. Maar God kom ook en red ons uit die mag van die sonde en

ongehoorsaamheid. Selfs al voel dit soms vir ons of die bese om ons soos 'n oormag sprinkane is wat nie kan wag om alles om ons te vernietig nie. Ja juis hier waar daar geen hoop vir ons is vanweë ons sondes nie. Juis hier kom Jesus Christus, ons Here na die aarde. Hy kom met die doel om ons te red. Wat vir ons onmoontlik was wees die sonde, kom maak Christus moontlik met Sy perfekte offer. En hierdie redding en heil wat ons ontvang uit die sterwe en opstanding van die Here is alreeds vandag ook vir ons 'n werklikheid. Selfs al lyk die som vir ons onmoontlik soos vir Gideon.

Verder sien ons in hierdie gedeelte dat die Midianiete volledig verslaan word sonder dat die volk 'n vinger te verroer. Natuurlik is dit dieselfde met ons redding. Maar die volk draai nie bloot om gaan terug na hulle huise nie. Nee hulle verjaag die Midianiete volledig uit die land uit. Ons is ook gered om die bese volledig uit ons lewens te jaag. Om ook uit dankbaarheid die genade waarmee die Here ons ook gaan seën in die res van die jaar aan te gryp en die meeste daarvan te maak.

5. Slot

Ons kan afsluit deur te sê dat ons in die inleiding gesê dat omgewing om ons met sy uitdagings soms voor ons staan soos 'n swerm sprinkane. Ontelbaar en reg om alles wat ons is en het te

vernietig. Maar dan maak hierdie teksgedeelte dit ook duidelik dat ons ook agtertoe moet kyk. Ons moet ook terugkyk. Ons moet sien dat ons nie alleen staan nie. Daar is mense wat ook langs ons staan. Dalk lyk hierdie mense maar net soos 300 teen die oormag van die vyand. Tog kom die oorwinning nie uit die 300 nie. Maar uiteindelik kom die oorwinning uit een, die Here Jesus Christus. Hy kom oorwin alleen bese.

Here. Om ook die Midianiete heeltemal uit die land te verjaag.

Amen.

Maar ons het die voorreg om deur die Heilige Gees in die teenwoordigheid van die Here te wees. Ons kan sien hoe hierdie oorwinning behaal word. Natuurlik behels dit nie dat ek op 'n afstand staan en toekyk hoe alles gebeur nie. Nee ons is ook onder in die kamp van die Midianiete besig om die bese te verjaag. Om die lig van die waarheid te versprei. Terwyl ons soos Gideon ook weet dat die Here die oorwinning reeds gegee het.

Kom ons pak die toekoms aan in hierdie wete van vrede en rustigheid, dat ons veilig behoue sal bly in die hande van die Here. Dit maak nie saak wat om ons gebeur nie. Die Here sal ons veilig bewaar. Maar hierdie wete van vrede en rustigheid, moedig ons juis aan om ywerig te stry teen die bese. Om aktief ook moeite te doen met ons geloof hierdie jaar. Om die meeste te maak van die redding in die